

INHOUDSOPGAWE

Weet ons?	1
Selfaanvaarding— wat leer die Bybel ons?	2
Koningskinders	4
Ons wêreld in God se toekoms	5

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

WEET ONS?

J van der Linden

Dit was weer tyd vir 'n nuwe baadjie! Soms is dit net nodig, omdat 'n ou formaat kan begin irriteer. Ons hoop julle geniet die nuwe Vox Viva styl!

Maar die eintlike saak waaroor ons hier wil skryf is om aan te kondig dat ons nou ook elke week nuwe nuusberigte op die Christelike Biblioteek se webwerf (www.christelikebiblioteek.co.za) plaas. Ons fokus sal veral wees op algemene tendense in die Christelike wêreld, asook die kerk onder vervolging.

Ek het tot my eie skok agtergekom dat ek slegs baie algemeen kan bid oor die moeite en gevare waarin Christene wêreldwyd hulle begeef. Ek het glad nie 'n goeie besef gehad van die geestelike stryd waarin baie van God se kinders hulle op 'n daaglikse basis begeef nie. En dit terwyl 'n mens in details weet wat op die sportvelde gebeur het die afgelepe naweek... So iets is tog nie aanvaarbaar nie?! Hoe kan ons alles weet van een van die grootste afgode van ons tyd (en ja, 'n mens mag van 'n sportwedstryd geniet), maar so oningelig wees oor die geestelike stryd waarin duisende van my eie broers en susters daaglik staan? Dit sou tog van ons ver-

wag kan word dat ons gerig kan bid vir hulle wat (dikwels op 'n heel ander manier) in dieselfde geestelike stryd staan as ons?

Hierdie nuusberigte het my ook weer 'n nuwe besef gegee van die ruimte en moontlikhede wat die Here hier vir ons gee. Baie van God se kinders word in 'n hoek gedruk, moet wegkruip, word ingeperk op allerlei maniere. Maar ons het alle ruimte en vryheid om te bou en te werk en te aanbid. Gebruik ons hierdie ruimte op 'n goeie manier? Of het die voortdurende sug na nuwe vermaak ("entertainment") sy greep op ons gekry? Dit het my in elk geval weer laat dink oor my eie gerigtheid en tydsbesteding in die koninkryk van God.

Ons is dankbaar vir wat Nynke de Boer en Marianne Bron doen om hierdie sake onder ons aandag te bring. As daar nog mense is wat wil help, hoor ons graag van julle.

Ons bedede is dat hierdie nuusberigte diensbaar sal wees vir u eie lewe voor God, en dat hierdie berigte deur ons gebede ook sal diensbaar wees aan God se kinders wêreldwyd.

SELFAANVAARDING – WAT LEER DIE BYBEL ONS?

P de Jong

Mag ek myself liefhê?

Selfaanvaarding is in die sielkundige en maatskaplike wêreld 'n begrip wat wyd aanvaar word. Selfaanvaarding word deur hierdie mense as 'n noodsaaklike voorwaarde gestel vir die gesonde funksionering van mense in al hulle verhoudings. In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat ons weet wat God oor selfaanvaarding in die Bybel leer. Gee God in die Bybel 'n bevel dat ek myself moet liefhê?

Jesus het ons geleer wat die grootste gebod is: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand, en jou naaste soos jousef. Hierdie dubbelgebod van die liefde is in kort die samevatting van die hele wil van God vir ons lewe (Matt. 22:36–40). Maar nêrens in die Bybel lees ons die uitdruklike gebod: Jy moet jousef liefhê, nie!

Word selfliefde dan deur God verbied? Nee, ook nie dit nie. Nêrens gee die Bybel die bevel: Jy mag jousef nie liefhê nie, jy moet jousef haat!

God beveel wél dat ons die sónde moet haat. Dit is heeltemal iets anders. Dit is dalk moeilik vir ons om hierin onderskeid te tref, want as ons na ons sonde kyk, sien ons onself! Ons dóén immers nie net sonde nie, maar die sonde woon in ons, sê die Bybel (Rom. 7:17, 20). Dit is ook hoekom ons kerklike formuliere ons meer as een keer waarsku dat ons vanweë ons sonde 'n afkeer van onself moet hê. Ons moet net soos Paulus leer bely: *“Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. ... Ek, ellendige mens!”* (Rom. 7:14, 24).

Elke optimisme oor die goeie eienskappe wat in 'n mens sou verskuil wees, is in wese humanisme, d.w.s.: Opstand teen God! Die humanisme volg die pad van selfverlossing: elke mens moet net sy potensiaal in homself vind, hy moet net



homself ontdek en homself uitleef. Jy is jou eie maatstaf. Elkeen moet sy eie gewete volg. Hierdie manier van dink staan lynreg teenoor dit wat die Bybel ons leer. *“In my woon niks goeds nie”* sê Paulus in Rom. 7:18. Ook Dawid bely hierdie woorde in Ps. 143:2: *“niemand wat leef, is voor U aangesig regverdig nie.”*

Die Bybel wys nie vir ons 'n pad na selfverwesenliking deur selfregverdiging en selfverheerliking nie. Intendeel - die Bybel wys vir ons die pad van verootmoediging en selfverloëning voor God: *“O God, wees my, sondaar, genadig!”* (Luk. 18:13).

Wie is ek?

God vra dus van my, dat ek 'n afkeer van myself moet hê vanweë die sonde wat in my woon: *“Ek ellendige mens.”* Maar dit beteken nie dat ek, as skepsel van God, myself moet weggooi nie. Intendeel. Wanneer die besef van die verskriklike bedorwenheid van die sonde wat my aangetas het tot my deurdring, verwonder ek myself des te meer oor die werk van God: Hy het my heeltemal volmaak gemaak (Gen. 1:31)! Op God se werk as Skepper kan 'n mens geen kritiek hê nie. Daaroor kan ek my verheug (Ps. 8). God het sy

Om steeds meer soos Christus te wees, wees steeds meer *met* Christus

- Onbekend

skepsel, sy eie maaksel, lief. Mag ek dit dan minag? God stel ook sy skepsel, "mens", baie hoog op prys. Hy het in mense 'n welbehae (Luk. 2:14). Hy het sy eie Seun gegee om die sonde van die mense te versoen. Daarom mag ek myself as skepsel van God nie waardeloos ag nie. So sien ons die Bybelse opdrag tot selfwaardering.

God het my onvoorwaardelik aanvaar

Daar kan geen Bybelse selfaanvaarding bestaan sonder die geloof dat God my aanvaar het nie. My geloof in God wat my aangeneem het, is in feite die enigste grond vir my selfwaardering as mens. Enige iets anders is 'n versinsel.

Die Bybel leer aan ons dat God geen voorwaardes stel vir sy aanvaarding van ons nie. Sy liefde is onvoorwaardelik. Die Bybel leer ons: "*Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes*" (1 Joh. 4:10). "*Terwyl ons nog vyande was, is ons met God versoen deur die dood van sy Seun*" skryf Paulus in Romeine 5:10).

Dit beteken dat ek nie eers myself hoef te verbeter voordat ek na God toe kan gaan nie. God het my in Christus *aanvaar net soos ek is*. Hy het my as sy kind aangeneem, mét my sondige bedorwe aard wat in my woon en mét my karakterfoute en my persoonlike gebreke.

Vir God is die sonde in my nie iets klein of niksbeduidend nie, maar Hy neem my as sondaar aan om my van my sonde te genees. Hy neem die skuld van die sonde van my weg deur die versoenende bloed van Christus. Hy breek ook die mag van die sonde in my af deur die vernuwende krag van die Heilige Gees.

Omdat God my onvoorwaardelik aanvaar het, kan ek myself aanvaar as Sy kind. Omdat Hy my onvoorwaardelik liefhet, kan ek myself aanvaar. My selfrespek as mens hang dus nie af van iets in myself nie, byvoorbeeld herkoms, karakter of my prestasies nie. My selfrespek ontleen ek enkel en alleen aan God se genade. Hy het my

deur Christus sy eiendom gemaak. Hy bewaar my soos 'n kosbare skat en maak my bruikbaar en gewillig om Hom te dien (HK antw. 1). Hierdie onverdiende genade van God is my enigste troos: dit is die enigste grond waarop my gelowige aanvaarding van myself op rus.

Dit is hoekom egte, normale selfliefde nie kan bestaan sonder gelowige liefde vir God nie. Wanneer ek God se liefde met my hele hart gelowig aanvaar, dan kan dit nie anders nie as dat

Daar kan geen Bybelse selfaanvaarding bestaan sonder die geloof dat God my aanvaar het

liefde vir Hom in my hart groei as antwoord. En deur die liefde wat ek vir God het, word my selfwaardering gedra en gevoed.

God se liefde oorwin my negatiewe selfbeeld

Baie mense ly aan 'n *negatiewe selfbeeld*, deurdat hulle skeefgegroeï het tydens hulle psigiese ontwikkeling. Die versteuring van God se perfekte skepping kom ook by Christene voor. Sulke tekortkomings word in hierdie lewe nog nie heeltemal weggeneem nie. Maar Christene kan hulself in lewe en sterwe troos met die sekerheid dat hulle eie versteurde kyk op hulself nooit kan opweeg teenoor die liefde waarmee God hulle aanvaar het nie. "*Indien ons hart ons veroordeel ... God is meer as ons hart*" skryf Johannes (1 Joh. 3:20). Slegs God se liefde kan ons vrees vir God verander na *vrymoedigheid* voor God.

Elke keer as ek ly aan gevoelens van nutteloosheid en angs oor wie ek is, as ek my laat verlam deur my haat vir myself en myself straf met die gedagte dat ek eerder nie op aarde moes gewees het nie, mag ek vasgryp aan God se onvoorwaardelike liefde vir my. Hoe meer ek leer om myself worstelend in gebed onvoorwaardelik aan God se genade oor te gee, hoe meer sal ek deur sy Gees bevry word van die swaar las van my verwronge selfbeeld.

Daar is geen plek vir 'n losstaande steen in God se bouwerk nie

- J Hall

Want God het gesê dat Hy my liefhet. Hy het dit deur die water by die doop aan my verseker, dat Hy my aangeneem het as sy kind, as sy kosbare eiendom. As ek myself aan sy liefde oorgee, hoef ek myself nie meer weg te gooi nie. God sê vir my: “Jy mág hier leef!” Ek hoef nie daaraan te twyfel nie. Ek mag tog ook nie teëpraat teen God nie?

God se liefde vir my is daarom die doodsteek vir my selfhaat.

KONINGSKINDERS

MA Dronkers

Uit die mond van kinders en suigelinge het U sterkte gegrondves....(Ps 8:3a)

“...elkeen wat die koninkryk van God nie soos ’n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.” (Markus 10:15)

Word Psalm 8 in die Ou Testament nie deur Psalm 51:7 ongedaan gemaak nie? Hoe versoen ons die grootse beeld van die mens van Psalm 8 met die erfsonde? Praat ons as kerkmense liever maar nie met minder groot woorde as daar ’n nuwe lewe in die wêreld kom nie? Die doopformulier praat tog van “in sonde ontvang en gebore” en daarom rus God se toorn op ons? ’n Geboorte loop buitendien op niks uit indien dit nie deur ’n wedergeboorte opgevolg word nie. Die mens, soos wat hy in die wêreld kom, kan eintlik maar net so weer verdwyn.

Eintlik is dit juis wat in Psalm 8 aangedui word, wanneer ons daarop let dat die beeld van die volwasse mens (vs 6 ev) voorafgegaan word deur die beeld van ’n kind. Ter ere van God se glorie word die mens nie in die gestalte van ’n volwasse koning gestel nie, maar die mens in die gestalte van die ontvangende kind.

Dit het alles betrekking op bogenoemde teks uit Markus 10:15. Let op die vergelyking tussen die klein kindertjies en die groot volwassenes: wat wil daardie kinders nou eintlik hê? en die dissi-



pels wil sommer die kleinspan dadelik wegjaag. Maar dan keer Jesus die rolle meteens om: “..elkeen wat die koninkryk van God nie soos ’n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.”

Juis hier blyk dit hoe Psalm 51 komplimenterend is tot Psalm 8 en die ondersteunende kommentaar gee vir vers 3: dis die kindermonde wat sorg vir God se glorie.

Want waarom moet ’n mens dan allereers soos ’n kind voor God word? Hoekom loop ons volwasse menswees uit op niks as ons nie geleer het om soos kinders te wees nie? Omdat die bittere feit van die sonde bestaan. Die sonde: díe angel in die hele mensegeskiedenis, wat eintlik die hele koninklike mensegeskiedenis in Psalm 8 weer laat oopsweer. *Die sweer wat die middelpunt is van die majestueuse mensbeeld van Psalm 8.*

Die Christelike kerk is die enigste plek in die wêreld waar lidmaatskap gebasseer is op die feit dat die kandidaat onwaardig moet wees vir lidmaatskap

- CC Morrison

Die mens het wel ondanks die sondeval koning gebly. Psalm 8 is 'n huidige werklikheid, maar Jesus Christus moes ondanks dit tog wel mens word, *Middelaar-mens*, om dwarsdeur die men-segeskiedenis God se heilsgeskiedenis te laat deurbreek; om in hierdie skepping, herskepping te bewerkstellig, waardeur die skepping in die toekoms tog wel as nuwe skepping volbring sal word (Openb. 21:1). Hy moes mens word, inderdaad die mens van Psalm 8, om in hierdie wêreld *die Koninkryk van God naby te bring*. Tot hierdie koninkryk het jy alleen toegang deur Hom. Nooit deur jousef as mens nie. Daarom:

Jy kan uiteindelik maar net jou hand as volwasse presterende mens van Psalm 8 in Jesus Christus se hand lê.

alleen soos 'n kind. Jy kan uiteindelik maar net jou hand as volwasse presterende mens van Psalm 8 in Jesus Christus se hand lê. Wees maar die kind soos beskryf in Psalm 51, wat in diepe afhanklikheid van God, swaar op sy knieë sak: Heer, wees my, arme sondaar genadig.

Want al kan jy jou beroem op jou koningskap, sonder genade kan jy nie gered word nie. Want slegs deur genade en enkel alleen deur genade kan jy vorentoe God se nuwe wêreld betree, waarop ons as ware konings sal regeer. En in hierdie nuwe wêreld kom die kultuurskatte van hierdie aarde saam, want niks wat goed is sal verlore gaan nie. Psalm 8 is nie 'n duimsuig storie nie! Maar wel sonder die kultuur-oorskatting van die goddelose mens: Die sogenaamde volwasse mens, wat nie meer sy kinderhart in sy binneste voel klop nie.

Psalm 8 sal terugkeer op God se nuwe wêreld, maar dan gereinig, volmaak - die volmaakte mensbeeld in Jesus Christus. Die volwasse mens dus, wat as kind definitief in die huis van sy Vader teruggekom het. Koning op jou troon. Maar wel ondergeskik aan die troon van God en van die Lam (Openb.21). Eintlik soos Koninklike kinders. En kinderlike Koningskinders.

ONS WÊRELD IN GOD SE TOEKOMS

AN Hendriks



Wat die Bybel verkondig oor die laaste dag, laat altyd vrae ontstaan. Ons hoor immers dat God 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde sal skep (Jes. 65:17), dat die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt (2 Pet. 3:12) en dat die aarde soos 'n kleed sal "verslyt" (Jes. 51:6).

Wanneer ons daarvoor nadink kom die vraag by ons op: gaan alles verdwyn? Gaan die Here sy skeppingswerk óórdoen? Word alles wat bestaan uitgewis? As dit so sou wees, hoe rym dit met die trou van God wat die werke van sy hande nie laat vaar nie? Is daar aanstonds net *diskontinuiteit* of lees ons in die Nuwe Testament ook

Ek is meer as ooit oortuig dat die Heilige Gees ons lewe heilig juis as ons ons direk op Christus rig

- AA Bonar

van *kontinuiteit* tussen hierdie wêreld en die komende wêreld?

Die nuwe aarde

Dit is opvallend dat ons belydenisskrifte baie min oor die nuwe aarde bevat. God se koninkryk, die volmaaktheid, die opstanding van die liggaam en die ewige lewe word genoem, maar oor die nuwe aarde word so te sê geswyg. Net die Nederlandse Geloofsbelijdenis open 'n duidelik kosmiese perspektief waar in artikel 37 gesê word dat Christus "hierdie ou wêreld aan vuur en vlam sal prysgee om dit te suiwer".

Omdat die universele omvang van God se toekoms so nadruklik in die Skrif na vore kom, is die geringe aandag daaraan in die belydenisskrifte des te meer opvallend. Ons verwag nie net die opstanding van die vlees nie, maar ook, so skryf Petrus, "*volgens sy belofte, nuwe hemele en 'n nuwe aarde ...*" (2 Pet. 3:13), waarby hy terugryp na die profesie van die Ou Testament (vgl. Jes 65:17; 66:22). Wat die skrif oor die opstanding van die liggaam sê, is 'n verruklike perspektief. Paulus praat oor die lewendmaking van ons sterflike liggame (Rom. 8:11), maar plaas dit in die konteks van die vrymaking van die hele skepping (Rom. 8:21). Openbaring 21 verkondig die heerlijkheid wat op God se kinders wag, maar begin met: "*ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien*". Dit loop uit op 'n "wedergeboorte" van die wêreld" (Matt. 19:28) en op "die wederoprigting van alle dinge" (Hand.3:21). In hierdie samehang kry die verlossing van ons liggame dan sy plek.

God bevry nie alleen sy kinders van al die gevolge van die sonde nie, maar Hy verlos ook die wêreld waarin hulle lewe. Paulus praat van die vrymaking van die *hele skepping* en Petrus oor die wederoprigting van *alle dinge*. Die profesie getuig van 'n vrede wat tot in die diereryk sal manifesteer (Jes. 11:6e.v.). Selfs die groot hemelliggame het deel in die bevryding. Die woord "hemel" in Openbaring 21:1 en die woord "hemele" 2 Petrus 3:13 dui nie op die hemel as woonplek van God nie, maar, soos in Genesis 1:1, op wat ons verstaan as die heelal. Daar kom 'n nuwe aarde, maar daar kom ook 'n nuwe "dekor" om die aarde. Selfs die sterre en pla-

netewêreld sal nuut gemaak word!

Kosmiese katastrofe

Daar is 'n nuwe wêreld aan die kom. Die Skrif verkondig terselfdertyd dat dié nuwe wêreld deur 'n groot, ja werklik kosmiese katastrofe heenkome. Reeds in die Ou Testament hoor ons dat die dag van die HERE gepaard gaan met enorme kosmiese verskynsels: "*die hemel (sal) sidder, en die aarde sal wyk uit sy plek met gebeef*" (Jes. 13:13); "*die hemel sal soos rook verdwyn en die aarde soos 'n kleed verslyt*" (Jes. 51:6). Die Here Jesus het gesê dat voor sy wederkoms "*die sterre van die hemel sal val, en die kragte wat in die hemele is, sal geskud word*" (Mark. 13:25). Johannes sien hoedat "*die hemel weggewyk (het) soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit*" (Openb. 6:14). Hoe groot die komende kosmiese katastrofe sal wees beskryf Petrus. Op die teenswoordige hemele en die aarde wag daar 'n see van vuur (2 Pet. 3:7). Die vuur van God se oordeel tref nie alleen die goddelose nie, maar ook die hele dekor waarin hulle geleef het. Die heelal word gesloop, alle dinge vergaan (2 Pet. 3:11). Die hemele gaan "*met 'n gedruis*", die lawaai van knetterende vuur, verby, en daarby ook die elemente (son, maan en sterre). Hulle smelt weg in vuur.

**Die Here dank nie sy wêreld af nie,
Hy bevry en vernuwe dit**

Ook die aarde kry sy beurt. Alles word tot die grond toe afgebrand. Die verwoesting is totaal. Ook "die werke" wat op die aarde is, ontkom nie die gerig nie (2 Pet. 3:10). By hierdie "werke" gaan dit nie oor kulturele prestasies van mense nie, maar – soos steeds in die spraakgebruik van Petrus – oor mense se dáde. God se vuur vee aanstonds al die kwaad wat die mens gedoen het, weg. In woorde wat vir ons huiweringswekkend is, verkondig Petrus presies hoe skrikbarend die afloop van die wêreld en alles daarop, sal wees. 'n Onvoorstelbare vuurseë sal alles ontwig en wegvreet!

Chrysostemos het eenkeer gesê, in antwoord op 'n dreigement van die keiserin: Gaan vertel haar dat ek niks vrees nie, behalwe die sonde

Bevryding

Wat ons hoor oor die "verdwyning" van die hemel en die "vergaan" van die aarde, en veral wat Petrus skryf oor die allesomvattende brand van die heelal, wek die indruk dat daar maar net van diskontinuiteit tussen hierdie wêreld en die toekomstige sprake kan wees. Bly daar dan van God se skeppingswerk niks oor nie? Skep hy aanstonds 'n totaal nuwe wêreld, wat in die plek van die bestaande kom?

So is dit inderdaad deur Lutherse teoloë van die sewentiende eeu gestel. Hulle het geleer dat die aarde so bedorwe geword het dat daar slegs vernietiging (*annihilatio*) op wag. Daar is geen enkele kontinuïteit tussen hierdie wêreld en die komende nie. Die nuwe aarde is dan ook 'n totaal nuwe skepping, 'n skepping *uit niks*.

Gereformeerde teoloë het dié leer deurgaans bestry. Die verlossing is nie 'n totaal nuwe skepping nie, maar 'n *vernuwing* of *herskepping*. In die verband word dan gewys op wat die Here by ons wedergeboorte doen. Die Heilige Gees vernietig nie ons persoonlikheid nie, maar vernuwe en heilig dit. Die Dordtse Leerreëls teken hierdie *aard* van God se vernuwingswerk wanneer dit leer dat die Goddelike genade van die wedergeboorte nie ons wil en sy eienskappe vernietig nie, maar dit geestelik *lewend maak*, *genees* en *verbeter* (III/IV, 16).

Daar kom 'n nuwe aarde, maar daar kom ook 'n nuwe "dekor" om die aarde.

Dat daar ook by die aarde en sy dekor aanstonds nie sprake is van vernietiging nie, blyk sterk uit wat Paulus in Romeine 8:12 skryf: die skepping sal vrygemaak word van die slawerny van die verganklikheid. Die apostel praat van *bevryding*. Dit is veelseggend. Dit verkondig aan ons dat die skepping as sodanig nie ondergaan nie, maar bevry word. God sal dit verlos van die vloek waarmee die aarde getref is (Gen. 3:17). Dan sal die aarde nie meer die stempel van slawerny van die dood ("verganklikheid") dra nie,

want dit sal deel in die vryheid en heerlijkheid van God se kinders.

Ook wat Paulus sê van die skepping "in barensnood", wys daarop dat dit nie vernietiging teemoet gaan nie. Die apostel vergelyk die lydende skepping met 'n vrou wat op die punt staan om geboorte te skenk. Haar sugtende lyding is met hoop. Uiteindelik kom daar iets goeds vir die skepping tevoorskyn: Bevryding!

Kontinuïteit tussen hierdie aarde en die toekomstige blyk ook uit nie woordjie "nuwe" wat in Openbaring 21:1 gebruik word. Die klassieke Grieks het twee woorde vir "nuut": *neos* en *kainos*. *Neos* dui iets aan wat totaal nuut is, wat nie voorheen bestaan het nie; *kainos* tipeer veral die kenmerke waarmee iets nuuts hom onderskei van die ouere. Wanneer dit gaan oor die nuwe aarde of oor die nuut maak van alle dinge, gebruik die Nuwe Testament, heel opmerklik, die woord *kainos*. Dit wys daarop dat die nuwe aarde nie 'n totaal ander aarde is nie, maar óns aarde, heeltemal *vernuwe*.

Ook die gebruik van "wedergeboorte" van die wêreld (Matt. 19:28), "wederoprigting van alle dinge" (Hand. 3:21) en "verandering van die wankelbare dinge" (Heb. 12:27) getuig van kontinuïteit tussen hierdie wêreld en die toekomstige.

God se trou

Die verset teen die gedagte dat daar van die geskape wêreld aanstonds niks oorbly nie het gereformeerde teoloë tot soms spitsvondige onderskeidings verlei. Deur dié onderskeidings wil hulle aandui dat daar ten spyte van diskontinuiteit tog ook sprake is van iets *blywends*.

In sy kommentaar op 2 Petrus 3:10 sien Calvyn die wêreldbrand as 'n suiwering waardeur dinge 'n nuwe *kwaliteit* verkry, terwyl hulle *substansie* bly.

In die spoor van Calvyn skryf H. Bavinck dat aan vernietiging van die *substansie* by die verbygaan van die teenswoordige wêreld, ewemin gedink kan word as by die verderwing van die vroeëre wêreld in die sondvloed. Vuur verbrand, reinig en suiwer, sê hy, maar vernietig nie.

A. Kuyper sê dat alle *forme* waarin die vrug van die gemene grasia tans bloei wel sal ondergaan, maar dat die *kragtige kiem* wat aan dit alles ten

Die verskil tussen weggesteekte sondes en vergeefde sondes is ons skuldbelydenis teenoor God

- J Glas

grondslag lê, nie vergaan nie, maar bly. Volgens S. Greijdanus word dit wat saamgestel is tot die uiterste toe ontbind, maar dit beteken nie 'n vernieling of vernietiging van die *stof* in volle sin nie. Die *dinge*, selfs die heelal as sodanig en ook die hemele mog verdwyn, maar die *elemente* word nie weggeneem nie – alles word tot *grondbestanddele* opgelos.

Ten slotte noem ek K. Schilder, wat 'n verandering van *vorm* en wysiging van *verhoudings* voorhou.

Maar by dit alles moet ons saam met G.C. Berkouwer sê dat dit wysgerig-teologiese onderskeidings is waarmee 'n mens "die einde" wil beskryf, maar dat mens op allerlei wyses in gebrek aan helderheid vasgeval bly. Die gebruikte wetenskaplike of semi-wetenskaplike gegewens pas nie by die Skrifwoorde aangaande die einde nie.

Dit is goed en gepas dat gereformeerde teoloë daaraan wil vashou dat, by al die diskontinuiteit

Die nuwe aarde sal van die oorspronklike aarde daarin verskil dat daar geen moontlikheid van demoniese verleiding sal wees nie

wat so duidelik in die Skrif na vore kom, daar ook kontinuïteit tussen nou en aanstonds is. God laat nie die werk van sy hande vaar nie. Hy doen nie sy skeppingswerk oor nie. Verlossing is bevryding van die gevolge van die sonde. Maar terselfdertyd moet ons erken dat die *hoe* van die kontinuïteit vir ons 'n verborgenheid bly. Die woorde "vergaan", "verdwyn" en "wegsmelt" is té ingrypend om nog oor wat bly, iets te sê.

Noudat ons hier teologies met ons mond vol tande staan, mag wel gewys word op God se *trou*. Die enorme ontbinding is nie die laaste bedryf nie. Alle dinge word weer "opgerig" (Hand. 3:21) en "nuut" gemaak (Openb. 21:5). Daar gaan "verander" en "bevry" word. Die Here dank nie sy wêreld af nie, Hy bevry en vernuwe dit. As Hy sy wêreld sou afdank, sou die verlossing nie waarlik *verlossing* wees nie! Maar God bly getrou aan sy belofte om alle dinge weer in orde te bring. A.A. van Ruler bring dit mooi onder woor-

de: Die nuwe is juis die oue, net radikaal vernuwe, totaal verlos van alle vorme van verderf.

Openbaring 21:24-26

Daar is 'n teks wat tot vandag toe 'n groot rol speel by die nadenke oor hede en toekoms. Johannes skryf naamlik dat die konings van die aarde *hulle heerlijkheid* in die heilige stad bring en dat die *heerlikheid en eer* van die nasies daarin gebring sal word.

Dit is bekend dat A. Kuyper hom op hierdie woorde beroep om vol te hou dat God die kulturele ontwikkeling van wat Hy in die skepping van die wêreld belê het, in weerwil van die Satan en die sonde van die mens, danksy sy "gemene gracie" (algemene genade) tog laat voltooi en in die voleinding bewaar. In die voleinding is daar *wins*, want die heerlijkheid en eer van die nasies sal in die nuwe Jerusalem ingedra word. Volgens Kuyper word met die heerlijkheid en eer van die nasies die volgende bedoel: die voortgaande gemeenskaplike ontwikkeling waartoe ons hele menslike lewe in die volkere-geskiedenis gekom het en nog sal kom. En van hierdie wins, wat uiteraard niks anders as die vrug van die gemene gracie is nie, word nou gesê dat dié wins nie eenvoudig ondergaan en in die algemene wêreldbrand vernietig word nie, maar dat dié wins ook vir die nuwe Jerusalem, dit is vir die nuwe aarde, 'n blywende betekenis sal hê ...

Ook H. Berkhof stel 'n kulturele kontinuïteit op grond van Openbaring 21:24-26, al benadruk hy terselfdertyd dat dit deur 'n groot krisis heen gebeur. Die nuwe wêreld word as 'n "sprongvarianting" uit die oue gebore. Berkhof meen dat ons kultuur as die steierwerk vir die komende gebou dien, steiers dus wat aanstonds weer afgebreek word. Ons kan ons kultuur egter ook sien as die boustene vir die komende Ryk.

Om net nog één outeur te noem: J. Hoek stel dit in 'n onlangse studie dat daar kultureel met die een en ander óór die drumpel van die jongste dag gestap sal word; al die mooiheid en skoonheid van aardse kulture sal op gelouterde wyse bewaar word op God se nuwe aarde. Hier kom die woorde uit Openbaring 21:24 en 26 terug. Nie die *hele* historiese en kulturele ontwikkeling oor die eeue was tevergeefs nie. Dit word nie

As die duidelike grense tussen kerk en wêreld begin wegval, sal al die "evangelisasie" in die wêreld nie die kerk kan laat herleef nie.

- J Tuininga

uitgevee soos skrif op 'n skoolbord of uitgewis soos voetspore op die strand nie. God doen iets daarmee.

Onder gereformeerde teoloë is daar verskil van mening oor hoe ons verse 24 en 26 moet uitleë. Ek dink dat dit vir dié uitleg belangrik is om nie die opmerkings van J. Douma te vergeet nie, naamlik dat Openbaring 21 nie oor *die* kultuur van die wêreld gaan wat dan vir die nuwe aarde bewaar moet nie. Die kultuur kry dus nie in Open 21 selfstandige aandag nie.

Bogenoemde skrywers is geneig om te veel in hierdie Skrifwoorde in te lees. Dit is nie moontlik om enige kulturele kontinuïteit op hierdie tekste te grond nie, allermens wanneer dit gaan oor die maaksels van ongelowiges. W.H. Velema sê heel tereg dat dit inderdaad vreemd sou wees dat die werk van gelowiges deur vuur beproef sal word, en as dit nie volmaak is nie, verbrand word (1Kor. 3), terwyl die produk van ongelowiges as boustene (of wat ook al) in die nuwe Jerusalem dien!

Baie van bogenoemde skrywers het "die nasies" en "die konings van die aarde" te geredelik gelykgestel met die volke en konings van die aarde sonder meer. Saam met S. Greijdanus en H.R. van de Kamp dink ons by hierdie teks en woorde eerder aan die *gelowiges* uit die volke en aan hooggeplaastes wat tot *bekering gekom het*. Van der Kamp voer daarby goeie argument aan dat hierdie tekste die voltooiing *ná* die groot afrekening teken. Gelowiges uit die volke, en bekeerde hooggeplaastes sal die nuwe Jerusalem bevolk en heerlijkheid en eer daar inbring.

By die laasgenoemde kan 'n mens dink aan huldiging van die heilige stad met geskenke, 'n voorstelling wat in beeldspraak die unieke glorie van die stad onderstreep. Tog is dit miskien beter om dit, in die lig van die woordgebruik in Openbaring, saam met Van der Kamp in liturgiese sin op te neem: die bring van hulde en aanbidding.

Die slotsom is in elk geval dat Openbaring 21:24 en 26 geen grond bied vir kontinuïteit tussen wat op aarde aan kulturele ontwikkeling tot stand gebring is en wat moontlik op die nuwe aarde sal wees nie.

Verheerliking

Die skepping soos ons dit nou ken, word aanstonds van diensbaarheid aan die verganklikheid bevry. Dié bevryding sal tegelyk *verheerliking* wees. Dit gaan in die bevryding nie alleen om verlossing van alle gevolge van die sonde nie, maar ook om 'n verlossing om te kan deel in die heerlijkheid wat op God se kinders wag (vgl. Rom. 8:21). Dit word méér as herstel, dit word ook *verheerlik*.

Waarin sal hierdie meerdere bestaan? Waar in is die nuwe aarde meer as die oue?

By beantwoording van die vraag moet ons besef dat dit nog nie geopenbaar is wat ons sal wees nie (1 Joh. 3:2), en dat ons nou nog sien deur 'n spieël in 'n raaisel (1 Kor. 13:12). Daar bly 'n geheimenis rondom die vraag hoe dit hierna sal wees. Tog kan ons wel iets oor die nuwe aarde sê.

Die nuwe aarde sal van die oorspronklike aarde daarin verskil dat daar geen moontlikheid van demoniese verleiding sal wees nie. Alle bedrei-

Dan sal dit duidelik word hoe omvangryk God deur Christus alles met Homself versoen het

ging van die sonde en oordeel het weggeval (vgl. Gen. 2:17). Wat ons in Openbaring 21:1 lees, is betekenisvol: "... *en die see was daar nie meer nie*." Die see staan vir die plek wat allerlei bose magte huisves. Dié magte sal God se nuwe wêreld nie meer kan aanval nie. Openbaring 21:3 laat 'n baie wesentlike verskil hoor: "*Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon ...*". Die woord "tabernakel" wys na die Ou Testamentiese tabernakel. Wat God be- loof het (vgl. Lev. 26:11-12; Eseg. 43:7; 48:35) en in die tabernakel reeds gebrekkig sigbaar was, word aanstonds volle werklikheid. Alle afstand tussen die hemel as God se woonplek en die aarde as woonplek van die mense, val weg. Die hemel is op aarde. Aanstonds is daar sprake van "residensiële samevoeging". God woon by sy volk op die nuwe aarde. Hoe heerlijk dit ook al in die paradys was, God het nog apart gewoon,

Die kerk mag nie die plek wees waar die ou mens vir nog 'n week soetjies aangehelp word nie, maar waar dit doodgemaak en begrawe word, en die nuwe mens geskep word volgens die beeld van Christus

- MS Horton

hoewel hy in die tuin gewandel het (Gen. 3:8). Op die nuwe aarde het die wandel *woon* geword. Hierdie resideniële samevoeging verkondig onmiskenbaar 'n plus van die nuwe aarde ten opsigte van die aarde van Genesis 1.

Ook Openbaring 21:23 spreek van hierdie plus: "*En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig ...*". God se aanwesigheid op die nuwe aarde straal soveel lig uit dat die gewone hemelligte oorbodig is. Die nuwe aarde baai in die lig van God se majesteitsopenbaring. Wat die serafs uitroep in die roepingsvisioen van die profeet Jesaja, is dan volkome realiteit: "*Die hele aarde is van sy heerlijkheid vol!*" (Jes. 6:3).

In verband met die plus van die nuwe aarde ten opsigte van die oorspronklike, praat verskeie teoloë ook oor "voltooing". Die "tuin" is voltooi. Ook die stad is "volgroeid". A.G Honig skryf: *Die nuwe aarde sal skoner wees as die oorspronklike, omdat alles wat potensieel was, nou aktueel sal wees.* W.H. Velema praat van 'n "voltooide skepping". En J. Hoek stel dit dat potensiaal wat in die oorspronklike skepping nog sluimerend was, moontlikhede wat nog nie die geleentheid gehad het om tot ontplooiing te kom nie, dan volkome sal realiseer. Dit is 'n aantreklike gedagte, maar sover ek sien, sê die Skrif niks hieroor nie. Die woord "voleinding" (*sunteleia*) wat ons in die Nuwe Testament teëkom in verband met die einde van die huidige wêreld (Matt. 24:3; 28:20), sê niks oor die ontplooiing van potensiale hierna nie, maar alles oor wat met die wêreld nog moét gebeur met die oog op die einde. Ons kan ook nie uit die gebruik van die woord

"voleinding" gevolgtrekkings maak, soos die genoemde outeurs doen nie.

Die Skrif sê meer oor die plus van die nuwe aarde ten opsigte van die huidige wêreld. Ons wêreld dra al die kenmerke van ontwinging en verwording deur die sonde. Dit sug asof in barensnood (Rom. 8:22) onder die vloek wat daarvoor gekom het. Van die vloek word dit aanstonds bevry (Openb. 22:3). Christus bring alles weer in orde (Ef. 1:10). En dit beteken dat op die nuwe aarde alles ooreenkomstig God se bedoeling sal funksioneer. Daar sal nie meer natuurrampe wees nie. Die dood met al sy gevolge van rou en weeklag is weg (Openb. 21:4), self in die diereyk (Jes. 11:6e.v.).

Die vrede waarvan die engele gesing het, sal ook volledig 'n *kosmiese* vrede wees. Eindelik sal God se aarde die glorie vertoon wat Christus verwerf het: nie 'n tranedal meer nie, maar 'n woonplek vol oorvloed (Openb. 22:2), lewe (Openb. 22:1) en lig (Openb. 22:5).

Dan sal dit duidelik word hoe omvangryk God deur Christus alles met Homself versoen het (Kol. 1:20) en dat Hy die werke van sy hande nie laat vaar nie. En God se kinders sal hulle ewig verbaas dat sy verlossing, deur al die diskontinuiteit heen, waarlik *verlossing* gebly het!

God het mens geword sodat die mens na God gelei kon word.

- Gregory of Nazianzus